Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2022

# REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken 'Bewerking en een deel korrek'.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet die metodepunt nie toegeken word nie. Dui aan d.m.v. ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## VRAAG 1

### 1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

1.1.1

| | Krediteuregrootboekrekening van Fragrance Verskaffers | | Staat ontvang van Fragrance Verskaffers | |
|---|---|---|---|---|
| **Voorlopige saldo/totaal** | **R28 375** | | **R33 770** | |
| **(i)** | | | - 375 | ✓✓ |
| **(ii)** | | | - 1 500<br>( - 750 – 750) | ✓✓<br>(een punt elk) |
| **(iii)** | - 500 | ✓✓ | | |
| **(iv)** | + 1 800<br>(9 700 – R7 900) | ✓✓<br>(twee of 0) | | |
| **(v)** | - 12 500 | ✓ | | |
| **(vi)** | + 6 320 | ✓ | | |
| **(vii)** | | | - 8 000 | ✓ |
| | | | - 400 | ✓ |
| **Korrekte saldo/totaal** | 23 495 | ☑ * | 23 495 | |

* vir beide totale Openingsaldo/totaal moet ingesluit wees.

**13**

1.1.2 **Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn (in dae).**

114 000 drie punte

$$\frac{½ ✓ (100\,000 ✓ + 128\,000 ✓)}{832\,200 ✓} \times 365$$

$$\frac{114\,000}{832\,200} \times 365$$

50 dae ☑ Een deel korrek en MOET met 365 vermenigvuldig wees

**5**

1.1.3 **Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat geïmplementeer kan word om beter bestuur van krediteure te verseker.**

Enige TWEE ✓✓ ✓✓

- Interne oudits kan die moontlikheid van bedrog verminder
- Kontroleer dokumente om korrektheid van inskrywings te verseker
- Behoorlike magtiging vir aankope
- Maak seker krediteure word betyds betaal om te kwalifiseer vir kortings / om goeie kredietwaardigheid te behou
- Maak ten volle gebruik van volle kredietermyn om kontantvloei te vergemaklik

**4**

## 1.2 BESTUUR VAN KONTANT

**1.2.1 Verskaf TWEE bekommernisse, rakende die uitstaande deposito's, waaroor die eienaar besorgd behoort te wees.**

Enige TWEE ✓✓ ✓✓

- Moontlike diefstal / bedrog
- Oorrol van kontant

4

**1.2.2 Verskaf TWEE voorstelle wat gebruik kan word om te verseker dat dit nie weer sal gebeur nie.**

Enige TWEE ✓✓ ✓✓

- Kontant moet daagliks gedeponeer word **OF** kontant moet daagliks deur sekuriteitsfirmas afgehaal word
- Skeiding van pligte
- Moedig EFO's aan vir debiteure en ander betalende klante

4

| VRAAG 1: TOTALE PUNTE | 30 | |
|---|---|---|

## VRAAG 2

### 2.1 STUTTERHEIM VERVAARDIGERS

**2.1.1 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 April 2022.**

| | | |
|---|---|---|
| **Direkte arbeidskoste** | **2 150 880** | |
| Direkte materiaalkoste (112 800✓+1 665 000✓– 63 000✓– 175 680✓) | 1 539 120 | ☑* |
| **Primêre koste** DAK + DMK | 3 690 000 | ☑ |
| Fabrieksbokoste (1 405 350✓ + 40 950✓✓ – 36 300✓✓) | 1 410 000 | ☑ |
| **Totale vervaardigingskoste** | 5 100 000 | ☑* |
| **Goedere-in-bewerking (1 Mei 2021)** | **426 000** | |
| | 5 526 000 | ☑ |
| Goedere-in-bewerking (30 April 2022) | (261 000) | ☑* |
| **Koste van produksie van klaarprodukte** (39 000 x R145) | 5 265 000 | ✓✓ |

* Toets bewerking; -1 vreemde items, maks. 2

17

**2.1.2 Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 April 2022.**

| | | |
|---|---|---|
| **Bruto wins** | **3 750 000** | |
| Verkoops- en verspreidingskoste (1 829 550 ✓ + 14 520 ✓✓) | (1 844 070) | ☑ |
| Administrasiekoste (1 331 850 ✓ – 40 950 ☑ sien 2.1.1 + 21 780 ✓✓) | (1 312 680) | ☑ |
| **Netto wins** | 593 250 | ☑* |

10

### 2.2 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEK

**2.2.1 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*.**

Enige geldige verduideliking ✓✓

Vaste koste bly dieselfde ongeag die hoeveelheid eenhede geproduseer. Veranderlike koste varieer in direkte verhouding tot die aantal eenhede geproduseer.

2

**2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir 2022.**

240 000 een punt x R16,20 een punt

3 888 000 ✓✓
53,40 ✓– 34,80 ✓
18,60 twee punte

209 032,2 → 209 033 eenhede ☑ Een deel korrek

5

**2.2.3** **Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir 2021 en 2022. (Haal syfers aan.)**

Kommentaar en vergelyk GBP met Produksie vir 2021 ✓✓ syfer ✓
Kommentaar en vergelyk GBP met Produksie vir 2022 ✓✓ syfer ✓ sien 2.2.2

In 2021 was die gelykbreekpunt 195 000 ✓ en 195 000 is geproduseer en verkoop.
Die besigheid het gelyk gebreek / geen wins of verlies is gemaak nie.

In 2022 was die gelykbreekpunt 209 033 eenhede (Sien 2.2.2) en 240 000 eenhede is geproduseer en verkoop.
Die besigheid het 'n wins op 30 967 eenhede gemaak.

**6**

**2.2.4** **Identifiseer die veranderlike koste waaroor die eienaar besorgd behoort te wees. Verduidelik en verskaf 'n berekening om jou antwoord te ondersteun.**

Direkte arbeidskoste ✓ het met 15,7% vermeerder (1,65/10,50) of met 1,65. ✓

Direkte arbeidskoste het met meer ✓ as die inflasiekoers van 6% ✓ verhoog.

**OF**: Aanvaar verkoop- en verspreidingskoste wat met 54c verlaag word – kan verkope in die toekoms beïnvloed / mededingers kan die mark betree

**4**

**2.2.5** **Alhoewel daar 'n daling in die vaste koste per eenheid was, is die eienaar steeds nie tevrede met die kontrole oor vaste koste nie. Verduidelik waarom hy so voel en verskaf berekeninge om sy bekommernis te ondersteun.**

Verduidelik ekonomie van skaal ✓✓
Haal vergelykende syfers aan ✓✓

In 2021 was die totale vaste koste R3 217 500 (195 000 x R16,50) en in 2022 was die totale vaste koste R3 888 000 sien 2.2.2

**OF**

Totale vaste koste het met R670 500 of met 20,8% verhoog.
Totale vaste koste is veronderstel om redelik konstant (of onveranderd) te bly, ongeag die aantal eenhede geproduseer – binne perke.

**4**

**2.2.6** **Gee EEN moontlike rede vir die daling in die verkoops- en verspreidingskoste.**

Enige EEN geldige verduideliking ✓✓

Effektiewer of plaaslike advertering
Verkope vind plaas volgens kommissie-basis i.p.v. vaste salaris
Goedkoper aflewerings

**2**

| VRAAG 2: TOTALE PUNTE | 50 | |
|---|---|---|

## VRAAG 3

### 3.1 VOORRAADWAARDASIE

**3.1.1 Bereken die waarde van slotvoorraad op 28 Februarie 2022.**

63 140 ✓ + 328 330 ✓ – 3 740 ✓ – 2 900 ✓✓ x 320
412 ✓ + 2 010 ✓ – 22 ✓ – 20 ✓

5 punte
384 830 x 320
2 380
4 punte

9 punte
161,69 x 320

= R51 740,80 Aanvaar R51 741 ☑
Moet x 320 wees

**10**

**Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.**

| | | |
|---|---|---|
| Verkope (1 986 x R220) | 436 920 | ✓☑ |
| Koste van verkope (384 830 ☑ – 51 741 ☑) | (333 089) | ☑ |
| Bruto wins | 103 831 | ☑ een deel korrek |

**6**

**3.1.2 Watter advies kan jy vir Happiness gee in verband hiermee? Noem TWEE punte.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Hy moet aan Nelson verduidelik dat dit oneties is om familie/vriende ten koste van die besigheid te bevoordeel.
Daar behoort beleide in plek te wees om te verseker alle werknemers verstaan en onderwerp hulleself hieraan.
Beste kwaliteit en pryse behoort altyd 'n prioriteit vir die besigheid te wees.

**4**

## 3.2 BESTUUR VAN VOORRAAD (PROBLEEMOPLOSSING)

**3.2.1**

**Verskaf 'n berekening om te bewys dat sonhoede gesteel word.**

412 ✓ + 1 968 ✓ – 320 ✓ – 1 986 ✓ = 74 ☑ een deel korrek

**Gee TWEE punte van advies vir Happiness om hierdie probleem aan te spreek.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Verbeter sekuriteit / sekuriteitswagte / sekuriteitsetikette ("tags") aan hoede
Beperk toegang tot voorraadkamers
Bestel kleiner hoeveelhede, meer gereeld / bestel soos benodig
Tel voorraad gereeld en vergelyk dit met die voorraadrekords

**9**

**3.2.2**

**Happiness is onseker of hy die korrekte verkooppryse vir die sonbrille en strandsakke vra.**

**Gee vir hom advies oor ELKE produk. Haal syfers aan.**

| PRODUK | ADVIES MET SYFERS<br>Enige geldige advies ✓✓ ✓✓<br>Syfers ✓ ✓ |
|---|---|
| **Sonbrille** | Winsopslag van 25% word deur die kopers as redelik beskou.<br>Verkoopprys van R3 438 is vir kopers aanvaarbaar.<br>1 850 eenhede is verkoop.<br>Voorraadhoudingsperiode is 52 dae.<br>Slotvoorraad is slegs 280 eenhede. |
| **Strandsakke** | Winsopslag van 80% word as te hoog, deur kopers beskou.<br>Verkoopprys van R702 is nie aanvaarbaar vir kopers nie.<br>Slegs 740 eenhede is verkoop.<br>Voorraadhoudingsperiode is 163 dae/ heeltemal te lank<br>Slotvoorraad van 420 eenhede is te hoog.<br>Indien winsopslag % verlaag word, sal verkope dalk verhoog. |

**6**

| VRAAG 3: TOTALE PUNTE | 35 | |
|---|---|---|

## VRAAG 4

### 4.1 VASTE BATES

### 4.1.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN FEZEKA HANDELAARS BPK

Dt **Toerusting** Kt

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **2021 Jul 1** | **Saldo a/b** | **260 000** | 2022 Mar 31 | Bateverkope | 35 000 ✓ |
| 2022 Apr 1 | Krediteurekontrole ✓ | 192 000 ✓ | 2022 Jun 30 | Saldo o/b | 420 000 ✓ |
| 2022 Apr 1 | Bank ✓ | 3 000 ✓ | | | |
| | | 455 000 | | | 455 000 |
| 2022 Jul 1 | Saldo a/b | 420 000 ☑ | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

7

**Opgehoopte waardevermindering op toerusting**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Mar 31 | Bateverkope (7 000 ✓ + 4 200 ☑) | 11 200 ☑ | **2021 Jul 1** | **Saldo a/b** | **90 000** |
| 2022 Apr 30 | Saldo o/b | 121 150 ✓ | 2022 Mar 31 | Waardevermindering | 4 200 ✓☑ * |
| | | | 2022 Jun 30 | Waardevermindering (28 400 ✓☑ * + 9 750 ✓☑ *) | 38 150 ☑ |
| | | 132 350 | | | 132 350 |
| | | | 2022 Mei 1 | Saldo a/b | 121 150 ☑ |
| | | | | | |
| | | | | | |

12

**Bateverkope**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Mar 31 | Toerusting | 35 000 ✓ | 2022 Mar 31 | Opgehoopte waardevermindering op Toerusting | 11 200 ☑ |
| | Wins met verkoop van bate ✓ | 2 000 ✓ | | Bank ✓ Toets bewerking | 25 800 ✓☑ Balanserende bedrag Een deel korrek |
| | | 37 000 | | | 37 000 |
| | | | | | |
| | | | | | |

7

*Toets bewerkings. Gee een metodepunt indien enige een deel korrek is.

**Bewerkings:**

WVM op 31 Maart 2022:
1/7/20 – 30/6/21 35 000 x 20% = 7 000
1/7/21 – 31/3/22 (35 000 – 7 000) x 20% x 9/12 = 4 200

WVM op 30 Junie 2022:
Ou T: (260 000 – 35 000) – (90 000 – 7 000) x 20% = 28 400
Nuwe T: 195 000 x 20% x 3/12 = 9 750

Kopiereg voorbehou 

## 4.2 INTERNE OUDITPROSESSE

**4.2.1 Noem die tipe verslag wat ontvang is.**

Gekwalifiseerd ✓

1

**4.2.2 Verduidelik TWEE moontlike gevolge van hierdie ouditverslag vir die maatskappy.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Kan dalk 'n negatiewe effek op winsgewendheid hê / kan klante verloor / swak beeld.
Negatiewe beeld van die maatskappy mag dalk die vraag na aandele en die aandeleprys beïnvloed.
Potensiële beleggers mag dalk besluit om nie in die maatskappy te belê nie.

4

**4.2.3 Hoe behoort die Raad van Direkteure hierdie saak te hanteer? Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Ondersoek die bevindings van die eksterne ouditeur.
Versoek die interne ouditeur om verslag te doen oor nalatigheid
Verhoor/ dissiplinêre optrede / ondersoek
Gee die HUB 'n geleentheid om te verduidelik en bewyse te verskaf.

4

| VRAAG 4: TOTALE PUNTE | 35 | |
|---|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou